# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (29/18)

(Volg my op Twitter justchad_cga)

Justin Chadwick 20 Julie 2018

CGA CITRUS SUMMIT
Grow the Future, Together
Balancing growth and inclusivity
12 - 14 March 2019

***"I wonder if other dogs think poodles are members of a weird religious cult" Rita Rudner***

## CRI WERKSWINKELS

Die immer gewilde CRI-geïntegreerde plaag- en siektebestuurswerkswinkels sal gedurende September gehou word: 4-5 / 9 Die Eiland, Letsitele; 6-7 / 9 Loskop Forever Resort, Groblersdal; 10-11 / 9 Kavinga, Nelspruit; 13-14 / 9 Africanos, Sondagsriviervallei; 18-19 / 9 Allee Bleue, Simondium. Besoek gerus www.cri.co.za om meer inligting te kry en om te registreer.

## STERIELE INSEKTEGNOLOGIE (SIT)

Ek is seker toe dr. Hendrik Hofmeyr en sy vrou Marsheille (van CRI) op die wetenskap gewerk het wat die gebruik van steriele insektegnologie vir valskodlingmot (VKM) ondersteun, hulle nooit sou droom dat die maatskappy wat vanuit hul pogings ontstaan het (XSIT) teen 2018, 40 miljoen motte per week oor boorde in die Wes- en Oos-Kaap sou versprei nie. Alhoewel SIT wêreldwyd gebruik word, is die XSIT-fasiliteit die enigste wat die tegnologie op VKM gebruik. Dit het beteken dat die grootste deel van die ontwikkeling van teling, sterilisasie en vrylating van nuuts af geleer moes word. Sampie Groenewald was aan die begin daar- hy was daar toe die radioaktiewe bron in Citrusdal aangekom het, en hy was instrumenteel in die skepping en vordering van XSIT. Sampie het van XSIT aanbeweeg, en namens die CGA en al die produsente wat voordeel getrek het vanuit sy pogings, wil ek graag dankie sê en voorspoed toe wens vir jou in die toekoms. XSIT is nie sonder sy uitdagings nie - maar op die ware Suid-Afrikaanse manier om eerder 'n probleem op te los as om daarvan weg te hardloop, het Sampie altyd 'n oplossing gevind.

Met 'n mate van rasionalisering in gedagte, is River Bioscience en XSIT, nou vir bestuursdoeleindes onder een dak. Hierdie nuut-saamgestelde RBX-maatskappy leer soos hul gaan - onder die wakende oog van die voorsitter (dr. Hoppie Nel) en nuut-aangestelde uitvoerende hoof, Rob Elfick, lyk die toekoms van RBX goed. Tydens die Agri SRV aandete op Woensdagaand (geluk aan Deon Joubert en jou span by AgriSRV vir 'n fantastiese aand), het mnr Anton Musgrave, internasionale futuris, gesê dat tegnologie nou vinniger as ooit ontwikkel, en tegnologie ontwikkel nou stadiger as wat dit ooit in die toekoms sal doen. XSIT is 'n voorbeeld van hierdie ontwikkelende tegnologie - al die stelsels en prosesse wat XSIT gebruik, is nuut. Dink net aan die hommeltuig-tegnologie - dit lyk asof dit die logiese manier is om motte vry te stel; maar agter 'n oënskynlik maklike besluit om oor te skakel na hommeltuig-vrylatings, lê'n web van vereistes versteek, wetgewende struikelblokke en operasionele ingenieurswese. Hommeltuie verander wel die manier waarop baie dinge gedoen word, en dit sal uiteindelik XSIT ten beste verander – hou hierdie spasie dop.

Die sitrusprodusente en inderdaad almal in die sitrus waardeketting moet weet hoeveel moeite die RBX Raad, bestuur en personeel doen om die volhoubaarheid van hierdie maatskappy, tot die optimale voordeel van die bedryf, te verseker. Ons moet erkenning aan die Raad (Hoppie, Vaughan Hattingh, Juliette du Preez, Jan Louis Pretorius, Dave Gerber, Piet Smit en Rajen Govender), die Bestuur (Rob, André Moolman, Craig Chambers, Sean Thackery en Theunis) en al die personeel by die Addo- en Citrusdal-fasiliteit vir hul deursettingsvermoë en harde werk gee.

## GEPAK EN VERSKEEP

Meer as die helfte van Suider-Afrika se sitrus vir 2018 is nou gepak. Die afgelope week is geringe aanpassings aan beide die pomelo's en sagte sitrus se voorspellings gemaak; die eindresultaat hang steeds rondom die 132 miljoen kartonmerk. Interessant genoeg, in week 28 in 2018, is presies dieselfde verskeep as in 2017.

| Tot Week 28 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2016 | 2017 | 2018 | 2017 | 2018 | 2018 | 2018 | 2017 |
| Pomelo's | 12.5 m | 14.8 m | 16.4 m | 12 m | 13.9 m | 16.8 m | **17.9 m** | 15.7 m |
| Sagte Sitrus | 8.7 m | 8.8 m | 10.4 m | 7.9 m | 8.7 m | 14.7 m | **16.6 m** | 13.4 m |
| Suurlemoene | 12.3 m | 15.8 m | 14.9 m | 13.5 m | 13 m | 20.6 m | 20.3 m | 19 m |
| Nawels | 20.7 m | 16.7 m | 19.6 m | 14.4 m | 15.8 m | 25.7 m | 24.6 m | 21.1 m |
| Valencias | 10.1 m | 11.7 m | 8.3 m | 6.7 m | 3.1 m | 53.9 m | 53.1 m | 53.8 m |
| **Totaal** | **64.3 m** | **67.8 m** | **69.6 m** | **54.5 m** | **54.5 m** | **131.7 m** | **132.5 m** | **123 m** |

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**